

30 April

Skrifgedeelte: Openbaring 11:15-19
Fokusgedeelte: Openbaring 11:17, 18

Dank God wat as Koning eerdeel

As die sewende engel op die trompet blaas, word die eindoordeel aan ons voorgehou. Van twee kante af is daar reaksie op hierdie grootse gebeurtenis.

Vanuit die hemel word harde stemme gehoor. Hulle loof God omdat Hy deur Christus sy Koningskap oor alles duidelik geopenbaar het. Dit spreek vanself dat God van die begin af oor alles geregeer het. Maar daar was tye waarin dit vir die mens volgens 'n uiterlike oordeel nie gelyk het of God oor alles regeer nie. Maar nou is dit vir altyd verby. Nou is die Koningskap van God oor alles op so 'n wyse geopenbaar dat niks en niemand dit meer kan ontken nie.

Die tweede reaksie kom van die 24 ouderlinge as die verteenwoordigers van die kerk van alle eeue. In eerbied buig hulle voor God neer en dan *dank* hulle Hom om presies dieselfde rede waarvoor die stemme uit die hemel Hom geprys het, naamlik omdat Hy sy Koningskap oor alles en almal op 'n grootse wyse geopenbaar het. Hulle dank Hom, want hulle weet dat die oomblik nou aangebreek het waarop die Koning almal sal oordeel (vs 18). Dan sal die goddelose hulle regverdige straf ontvang, maar die ware kinders van die Here sal dan hulle loon, hulle genadeloon ontvang en die ewige heerlikheid in die teenwoordigheid van God ervaar.

Vir die groot genade wat God om Christus ontwil aan ons betoon het en sal betoon, moet ons Hom nou al met ons hele wese dankend eer.

'n Kerk kan alleen op die regte wyse feesvier as hy opreg dankbaar is teenoor God vir sy genade in die verlede en vir sy genade in die toekoms, in die besonder op die oordeelsdag.

Sing: Psalm 98:4 (1936)

Prof PJ de Bruyn (Emeritus)